



Twee niggies van Stormsvlei, Ankia (7) en Elri (7) Spies, was in vervoering oor die verskeidenheid diere by die Agri Mega-week.



Graan SA se tent is tradisioneel 'n gesellige vergaderpunt vir kennisse en vriende om ervarings te deel. Op die foto is Marnus en Jacques Bester van Moorreesburg, Gert Claassen van Malmesbury en Toit Wessels van Graan SA.

Die tegnologie van koring en soja het oor die afgelope 100 jaar agter geraak by dié van mielies en rys. "Biobrandstof kon hier 'n groot effek gehad het. Tegnologie verseker egter dat produsente te midde van prysverlagings steeds volhoubaar is omdat opbrengs en kwaliteit verbeter. Dit help egter nie om kultivars te teel wat meulenaars of die eindverbruiker nie kan gebruik nie," sê hy.

Dit blyk dat privaatoopberging en die selflaai van koring op plase moontlik 'n onmiddellike oplossing kan bied om meer winsgewend te wees. Volgens mnr Jordaan kan risiko's binne die graanbedryf nie deur prys bestuur word nie. "Daar is nie 'n tarief op die invoer van hawer nie. As die bedryf wil hê daar moet hawer geproduseer word, moet hul 'n koringverwante prys gee. Dieselfde geld vir gars."

Hy is gekant teen enige vorm van beskerming en is van mening dat die invoerheffing die kontantmark vernietig het. As verwerker van koring voel hy sterk daarvoor dat koringprodusente 'n prys vir graan moet kan beding. Hierop



Bewaringslandbou is op almal se lippe wat volhoubaarheid in 'n gebied met laer reënval nastreef. 'n Geenbewerkingplanter wat minimum grondversteuring tot gevolg het, die Equilizer No Till Seeder 8000DS, is tydens die skou ten toon gestel. Op die foto is Ruan Jonas, Wes-Kaapse operasionele bemarkingsbestuurder, saam met die verteenwoordiger van Moorreesburg, Jano Taljaard.

het Koos Blanckenberg van Klipheuvel soos volg gereageer: "Daar word van koringprodusente verwag om hul proteïene te bestuur op grond van reën waarvoor hul moet bid. Dit terwyl die verwerkers wil weet wat in die silo is. Elke rolspeler moet 'n regverdige deel van die koek kry in terme van die risiko wat hy dra."

Mnr Jordaan is bekommerd oor die gewysigde regulasie van die verminderde soutinhoud in brood. "Meulenaars sal gevolglik meer moet betaal vir

koring met hoër proteïen-inhoud om dieselfde brood te kan bak; 1% proteïene kos R140."

Koring as grondstof maak egter slegs 15% van 'n brood se prys uit. 'n Bykomende 0,5% proteïen sal dus 'n effek van 3,5c per brood tot gevolg hê, sê mnr De Villiers. Elke besluit het egter 'n rimpel-effek omdat graanprodusente belange as grondeienaars het én meestal aandeelhouers is in maatskappye wat hul produkte verwerk. ♡

## Lae koringproduksie knou ook die platteland

**SUID-AFRIKA SE KORINGBEDRYF** trek tans baie swaar, maar met die samewerking van alle relevante rolspers en die regering kan die uitdagings aangepak word. Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoof van Graan SA, het by die Standard Bank / Graan SA-debat van die Agri Mega-week gesê koringprodusente sal deurlopend aandag moet gee aan veranderende verbruikerspatrone en die werklikhede van produksie.

Uitdagings in die bedryf geld volgens hom nie net vir die Wes-Kaap nie, maar die moontlike verhoging van koringproduksie is ook in die res van Suid-Afrika van toepassing. Mnr De Villiers het gesê verhoogde koringproduksie hou verband met Suid-Afrika se pogings om armoede te verlig, wat veral in plattelandse gebiede sorgwekkende afmetings aanneem. Hy het na Suid-Afrika se kommerwekkende werkloosheidsyfers verwys en beklem-

toon dat die skep van werksgeleenthede van die grootste belang is.

"Daar moet ook deeglik rekening gehou word met 'n groeiende middelklas en sy verwagtinge, omdat ekonomiese groei krities belangrik bly." Volgens mnr De Villiers moet sekere praktyke in die koringmark, wat sedert die vroeëre Koringraad se bestaan gevolg word, in die lig van die huidige verwikkelinge dringend aandag kry. ♡